

Efesiërs 3:13-21
Exaudi 8 Mei 2016

Daarom kniel ek ingebed voor die Vader (van onse Here Jesus Christus) aan wie die hele gemeenskap van gelowiges in die hemel en op die aarde sy bestaan te danke het. Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlikheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word, dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die ligde gewortel en gegrondwes sal wees.

Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God.

Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid. Amen.

Liewe gemeente,

Die gemeente van Christus is 'n singende gemeente; en die gemeente van Christus is 'n biddende gemeente. Laat my toe om net enkele opmerkings oor die gemeentegesang te maak en dan gaan ons oor tot gebed.

Let op - dit is nie 'n oproep nie (ja ons roep dikwels op om te sing, maar in hierdie konteks praat ons van die feitlike vasstelling): die gemeente van Christus is 'n singende gemeente. Ons praat daarvan, só asof dit vanselfsprekend, natuurlik sal geskied. Ek het nog geen gemeente in hierdie wêreld ontmoet waar daar nie ook gesing en musiek gemaak word nie. Dit borrel eenvoudig uit die verbondenheid met Christus voort dat die gemeente tesame met alle uitverkorenes, ja tesame met die hele skepping die Here loof. Dit is die heel natuurlikste bedrywigheid van 'n gemeente, ja dit lyk asof die loflied eenvoudig deel van die geskenk van God is wat Hy vir gelowiges gee. Ons mag die stelling waag: Wie met Christus verbind is, in dié se hart is ook die loflied ingeplant - en dit kom op een of ander manier tot uiting. Ter versterking van ons loflied haal ons allerhande instrumente by. Die kerk het gewoonlik die grootste en omvattende instrument uitgesoek: die orrel. Maar net so ook koperblaasinstrumente, fluite, gitare, ja selfs dromme kan tot lofprysing ingespan word. Maar dit gaan telkens daarvoor, soos Paulus hier in die laaste sin uitlig: Alle eer kom God toe deur ons verbondenheid met Christus. Dit is wat "van onder" vanuit die gemeente opstyg nadat God "van bo af" na onder in ons midde gekom het.

Net so het ons Donderdag aan, op hemelvaart vasgestel: **Die gemeente van Christus is 'n biddende gemeente.** Dit kan mos nie anders dat ons wat met Christus verbind is, met die Drie-enige God in gesprek tree. Gebed is die houding van lusiter, van opneem en ontvang. En gebed is die beweging heen na God toe, is die reaksie op God se aksie. Gebed is die kommunikasie tussen God en mens. Maar gebed is ook die regte houding om die tussenfase te kan oorleef. Onthou, die dissipels bevind hulle met hierdie Sondag so te sê tussen die tye - Jesus is deur die Vader opgeneem en die Heilige Gees nog nie direk uitgestort nie.

Ons mag ook byvoeg dat ons onself in 'n tussenfase bevind: Die heil van God deur Jesus Christus is reeds na Jesus se opstanding realiteit maar net so ook die sondige natuur; ons het reeds die hemel ontvang, maar ons is nog op aarde. Die gemeente is reeds die "een, heilige geloofsgemeenskap", en nogtans is daar verdeeldheid en rusie. Ens.

Om hierdie spanning te kan uithou, is dit nodig dat ons onself na God wend. En die eerste punt van gebed is nie versoeke, klagtes of voorbidding nie, maar aanbidding (worship). **Aanbidding** is die regte houding bo verstaan (kennis) of goeie werke (liefde).

Paulus buig in aanbidding neer - as teken van nederigheid en eerbied. Sy situasie was uiters haglik, waarskynlik in die gevangenis van Rome, waar hy as besondere gevangene wel sekere voorregte geniet het voor ander gevangene, maar nogtans in sy doen en late beperk was. So hoor hy deur medewerkers hoe dit in die gemeentes van Klein Asië gaan - en dit maak hom bekommerd. Daar is onsekerhede, daar is verdeeldheid, daar is misverstande en allerhande imorele dinge vind in die gemeentes plaas. So skryf hy aan die gemeente Efesiërs, maar waarskynlik het hy al die gemeentes in Klein Asië in gedagte gehad.

In sy brief besin Paulus lank en diep oor die evangelie, en hoe dit prakties vir die gemeentes sal lyk. Hy worstel met die Here en bid en pleit vir hulle by God. Hy beskryf die wonderbaarlike krag van die verese Here Christus Jesus en dat dit ons almal nie net hernu en tot nuwe wesens voor God maak nie, maar dat hierdie selfde Evangelie ons almal saambind. Joden-Christene en heiden-christene, hooggeleerdes en eenvoudiges, mense uit alle kultuurgroepe, tale en rasse word in die Evangelie saamgebind.

En Paulus is verstom oor hoe onverwags en dinamies die Evangelie onder die heidene pos gevat het. Ten spyte van talle lyding het die gemeente reeds volhard. God is besig om sy onbegryplike heilsplan tot uitvoering te bring.

En nou buig Paulus in diepe nederigheid voor al hierdie dinge: *Daarom kniel ek in gebed voor die Vader aan wie die hele gemeenskap van gelowiges in die hemel en op die aarde sy bestaan te danke het.*

Hier, in die brief van Paulus vind ons 'n tweevoudige driehoeksgsprek. Dit is eerstens die Drie-enige God wat in kommunikasie met mekaar staan, en tweedens God, Paulus en die gemeente.

Liewe gemeente, ons het laas Donderdag **Hemelvaart** gevier. Ons het God gehoor hoe God die Vader weer vir die Seun in ontvangs neem, en dat die dissipels die belofte van die Heilige Gees ontvang het. Hierdie Drie-Eenheid is voortdurend aan die werk. Twee weke gelede het ons ook geleer dat die Drie-Eenheid ook in die wese van die gemeente realiteitsbeslag vind. Soos God drie-in-een is, sal gemeentelede almal-in-een wees. Verskillende individue word met dieselfde Gees vervul en sodoende in hul' verskeidenheid tot eenheid saamgebind. Ons het God geprys en daarvoor besin wat dit vir ons beteken.

['n Negatiewe sienning van die kerk is, om die gebrokenheid en verdeeldheid uit te lig. Daar is sommige bese tonge wat wil beweer: Jesus wou die koninkryk van God op aarde gevestig het, maar wat toe kom, is die kerk. Hierdie mense beskou die totstandkoming van die kerk as 'n mislukking van God se heilsplan. God wou die volmaakte koninkryk - maar toe kom die kerk.... ☹ Sulke mense oefen hulself in die kritiek teenoor die kerk en alle misstande wat 'n mens daar vind. Hulle is teleurgesteld en kom tot die gevolgtrekking dat die kerk nie God se koninkryk kan weerspieël nie; dit moet elders gesoek word. Hulle kan die lyding aan die kerk nie verduur nie.

Om sulke misverstande te vermy, is dit nodig, om juis versigtig en in diepte te besin. Is dit mos juis die kerk, waar die koninkryk van God begin. Ons het gesê, soos Martin Luther in sy Klein Kategismus in die verklaring van die Onse Vader verduidelik, dat juis daar waar mense tot insig van die waarheid kom, waar hulle hul' bekeer en tot geloof kom, daar ontstaan kerk, dáár is die koninkryk van God.]

Ja daarom het Christus hemel toe gevaar, sodat Hy nou vanuit die ewigheid, te enige tyd op enige plek weer in tyd en ruimte kan inbreek en sy heerskappy sal uitvoer. En waar mense die Evangelie hoor, daar is Christus self aan die werk en begin om oor die harte van mense te regeer. Daar waar mense gedoop en onderrig word, word hulle in die Koninkryk van God ingeneem en word hulle so meer en meer gelyk aan die Seun Jesus Christus. Hulle word gelyk aan Hom in sy lyding

en in sy heerlijkheid. Hierdie twee elemente: lyding en heerlijkheid - hoort saam soos die twee kante van 'n muntstuk.

Is dit mos juis weens Christus se verhooring na die hemel dat Hy nie op *een* plek, maar op *alle* plekke tergelyk teenwoordig kan wees. Die heengaan van Christus beteken dus geensins dat Christus nou verder weg van ons af sou wees nie; intendeel dit bring Hom nog nader na ons toe wat nog op pad is deur lyding na die heerlijkheid.

En vir hierdie lewenspad bid Paulus vir die gemeente dat hulle sal toeneem in kennis en in wysheid: *Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlijkheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word... Mag julle instaat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek.* Maw dat julle kennis sal toeneem en dat julle die implikasies van Christus se kruisdood en opstanding sal insien. Let op dat Paulus telkens in die meervout praat: *Julle, ons, tesame met alle gelowiges*, ens. Nee, Christendom kan nie privaatgodsdienste beteken nie; ons is ingebed in die koor van uitverkorenes, in die gemeenskap van heiliges. Maar kom ons gaan voort.

A

Paulus bid om kennis ... Met *kennis* is nie maar net die minimale kennis bedoel nie wat ons kinders in katkisasie aanleer nie, maar die maksimum kennis. Elke gementelid behoort 'n poging aan te wend om 'n meestersgraad in teologie te verkry. Ons wil nie maar met 'n broodkrummels tevrede wees nie, maar gretig die Woord van God te bestudeer, daarvoor te gesels en te redeneer.

Eers as jy genoeg kennis het, kan daar saaklik en op die regte manier oor aangeleenthede gepraat word; met net so 'n klein bietjie kennis bestaan altyd die gevaar dat die gevoel oorneem. As ek byv. gevra word wat ek van die opkomende wêreldmag in die verre Ooste, wat ek van China dink, dan kan ek net sê dat ek nog al onrustig *voel*. Waarom voel ek onrustig? Antwoord: Ek weet te min, daarom voel ek oor 'n saak. So voel baie gemeentelike ook ivm die geloof dat dit seker nodig is, maar wat regtig aangaan, weet ons dikwels nie.

Wat is byv. die geheim van die verskillende kerke? Waarom bestaan daar so baie twis onder Christene terwyl die moslems 'n baie groter eenheid blyk te toon? Wat is die uitwerking van Christus op die ekonomie van die wêreld? Wat het Christus met die alledaagse politiek te doen? Watter waardestelsel, watter norms volg jy as dit kom by skoolopleiding, by die keuse van 'n beroep, by die gestalte van die huwelik (of dan jou status as alleenstaande persoon)?

Ek mag dalk een voorbeeld noem (wat julle dadelik weer kan vergeet maar) wat ons net behoort aan te moedig.

Ons dit gedeeltelik aan die pous te danke dat ons na 1990 in SA 'n nuwe politiese bedeling het. Waarom die pous? Die pous (as gestuurde van die kerk) het ongelooflike invloed in Pole gehad en sy uitwerking het tot so ver as Rusland gestrek. Die Vatikan het onderhandelinge met die destydse russiese premier, Gorbachof gevoer. En as gevolg ook van hierdie gesprekke het Gorbachof 'n nuwe beleidsrigting aangekondig (- glasnost, perestroika), en 'n groot politieke omswaai het in Rusland en die hele Oos-Europa plaasgevind. Dit is op grond van daardie veranderinge dat ook die destydse premier, De Klerk, hier in SA sy nuwe beleid gewaag het en die ANC ontban en Nelson Mandela vrygelaat het. ... Sien ons die samehang tussen kerk en politiek? Sien ons God nog aan die werk?

Was dit dan ook verwronge voorstelling van die Christelike geloof wat die apartheidsstelsel gemotiveer het, dan was dit net so ook die kerk in SA wat die vryheid van alle mense voorgestaan het.

En die invloed van die Christelike geloof hou nie daar op nie. Op die groot vraag van die panepedemi, Aids, wend die regering hom voortdurend na die kerke toe. Ongelukkig het hulle nog min van die sesde gebod verneem - jy mag nie egbreuk pleeg nie - maar wat hulpprogramme betref, barmhartigheidsdienste en ander effektiewe dienste in die gemeenskap, volg die regering dikwels programme wat kerke daargestel het.

B

Nadenke oor ons geskiedenis is noodsaaklik. Maar miskien nog meer noodsaaklik is die liefde wat uit God spruit. Ek het maar twee van baie voorbeelde genoem waar ons aanhoudend uitgedaag word *om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek*. Die liefde van Christus wil ons egter nie aan ander kerklike organisasies oorlaat nie; ons wil dit self doen. Dit is nie 'n teoretiese gedagte nie, maar wil prakties uitgeleef word.

En daarom bid Paulus voort: *Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God*. Dadelik dink ons hier aan 1 Kor.13

Al praat ek die tale van mense en engele, maar ek het geen liefde nie, het ek 'n stuk klinkende metaal, 'n galmende simbaal geword. Al het ek die gawe van profesie en ken ek al die geheimenisse en besit al die kennis, en al het ek al die geloof om berge te versit, maar ek het geen liefde nie, dan is ek niks nie....

Die liefde van God leef mos in ons harte. En dit word vir ons weer vandag gegee wanneer ons sy liggaam en sy bloed in ons opneem in die heilige nagmaal. Dit is weens hemelvaart dat ons in alle vrymoedigheid die teenwoordige Christus bely: Hy is hier-en-nou in ons midde!

Glo jy dit? Dan sal Sy teenwoordigheid ook 'n invloed op jou alledaagse lewe hê! Dan sal jy verander, dan sal jou verhoudings verander, jou gesindheid, jou optrede, jou woordeskat, jou gevoel, jou wilskragte, jou hele wese.

Sien, daar bestaan 'n verband met jou geloofskennis en die kwaliteit van jou liefdeswerke. Daar is 'n direkte verband tussen jou verhouding met Christus en jou verhouding met jou huweliksmaat, of met jou kinders, of met jou vriende. Daar is 'n verband hoe jy jouself as 'n Christen verstaan (identiteit) en as burger van hierdie land gedra. Die hele wese van 'n Christen moet gevul wees met die Gees van God - wat slegs deur die Vader as geskenk gegee word.

Om te kan oorleef in hierdie spanning tussen heiligheid en sonde, tussen hemel en aarde, tussen volmaaktheid en gebrokenheid, het ons die Gees nodig.

So sluit Paulus hierdie gedeelte van sy brief af met aanbidding en die vertroostende versekering: *Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid.*

Paulus praat hier van die kosmologiese Christus wat nie net in 'n afsonderlike klein kamer van ons harte woon nie (op Sondae in die kerk), **maar alle hemelruim en alle dimensies vul**. Soos 'n glas met water gevul word, so vul Hy alle sigbare en onsigbare ruimtes. En omdat dit só is, daarom dryf alles na voleinding toe. Die hele skepping het 'n einddoel, 'n eindpunt - die voleinding in Christus! Ook ons eindbestemming is reeds gewis: ons sal saam met Hom wees wat vir ons 'n plek in die hemel voorberei het.

Hierdie kosmos-Christus word geprys in die kerk. Of die ander buite die kerk Hom erkenning gee of nie; of hulle hemelvaart vier of nie; of die regering christelike waardes volg of nie - die maak nie saak nie. Ons as kerk vier sy teenwoordigheid! **Ons vier die volheid van Christus.**

Ken jy Hom?

Kom ons leer Hom nog beter ken deur volharding in gebed, deur ywrigte boekevat en Bybelstudie, deur die gemeenskap van die gelowiges en deelname aan sy heilige nagmaal. Kom ons oefen onself nog meer in die liefde teenoor God en ons medemens.

Aan Hom gee ons lof, eer en aanbidding. Amen.

Mag die vrede van God en sy liefde wat alle verstand te bowe gaan, julle bewaar in Christus Jesus, onse Here. Amen.